SPORT

NETBAL

Netbal is ‘n uitstekende spansport wat aan elke dogter die geleentheid bied om optimaal te ontwikkel. Ons afrigters is passievol en ontwikkel die dogters op verskillende vlakke. Alle netbalspanne neem deel aan die A-liga. Die A-spanne neem deel aan die Super 12 Kompetisie. Netbal vind plaas in Kwartaal 1, 2 en 4 en die ouderdomsgroepe wat daaraan deelneem is o/10 tot o/13. Daar word aan die begin van die seisoen proewe gehou om die spanne te bepaal. Die o/12 en o/13 dogters kan deelneem aan die Gauteng proewe. Ons woon ook baie kursusse en toernooie by om die dogters goed voor te berei vir die seisoen.

DOEL VAN NETBAL

Die dogter word op verskeie vlakke uitgedaag en gemotiveer - fisies, emosioneel en intellektueel. Netbal vereis toewyding, motivering en pligsgetrouheid van elke speler. Dit leer jou ook om verantwoordelikheid te aanvaar, probleme op te los, op jou voete te dink en om saam as ‘n span te werk. Ons poog om elke dogter met selfvertroue, passie en motivering toe te rus. Hulle leer om probleme op te los, te dink, hoe om teleurstellings te hanteer en ook hoe om as ‘n span saam te werk, terwyl jy nog steeds ‘n individu is. Die einddoel is nie net om ‘n goeie netbalspeelster te vorm nie, maar ‘n dogter wat volkome ontwikkel op alle vlakke.

HOEKOM AAN NETBAL DEELNEEM?

Dit bied aan leerders die vaardighede en kennis wat op ‘n sportsoort van toepassing is, sowel as in die lewe. Dit sal leerders help om probleme op te los en om as ‘n span saam te werk, wat jy elke dag moet toepas as ‘n volwassene. Daar is ook verskeie prestasies wat behaal kan word, soos Gauteng-Noord span, Sport Dogter van die jaar, ligawenners, ensovoorts.

TOOT TOOT!!